**Ware Geloof.**   K | Potch. K  4 Sept. 58

Matt. 13: 1-23 (57)

Hebr. 11:1 – Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Van elke predikant word deur ons Kerkwet vereis dat hy jaarliks minstens 12 maal oor die Kategismus in volgorde sal preek. Lank reeds het die behoefte om nie hd. nuwe Ringsjaar wat voorlê as alg. tema te behandel: Die Inhoud van ons Apost. Geloofsbelydenis – ons 12 artikels wat d. gemeente Sondag na Sondag staande bely. Maar voordat ons elkeen v.d. artikels afsonderlik behandel moet ons eers die vr. beantwoord: Nie Waarin en waaraan glo ons? maar: Wat is geloof? Ware geloof?

In die 7e Sond. afd. van ons H.K. word hd. vr (21) ook gestel en word daarop 'n pragtige antwoord gegee: "'n Ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis wyd[?]eur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie; maar ook 'n vaste vertroue wat die H.G. deur d. Evang. in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit louter genade, alleen ter wille v.d. verdienste van Christus"

Voordat ons nou hd. ryk en diepsinnige antwd oorweeg en ons ons lewe daaraan toets, is dit vir ons duidelik dat as ons praat van 'n ware geloof dan beteken dit dat daar ook 'n valse geloof moet wees, 'n skyngeloof, d. idee wat mense het dat hulle ware gelowiges is, terwyl in werklikheid hulle geloof nie suiwer en blywend en opreg is nie. Dis soos mense wat 'n baie goeie pen van 'n erkende wêreldnaam koop en bly dink dat dit d. ware artikel is totdat hulle dit [na 'n kenner neem] begin gebruik en dan moet uitvind: pragtige namaaksel!

"Gaan weg van My. Ek het jou nooit geken nie"

Ons vind verskil. vorme van hd. skyngeloof — ook in die Kerk v Kstus en ander mense wat hulleself as Kstne beskou:

I. Verstandelike Geloof (Historiese Geloof): Dis d. mense wat bloot met hulle verstand, hulle rede erken dat daar 'n God is, dat die gegewens van die Bybel waar is, dat J.X. wel op aarde was, dat daar 'n hemel en 'n hel is. Dis 'n koue, nugtere verstandelike erkenning van hd. waarhede, net soos d. aanvaarding dat daar sulke mense soos Napoleon en Hercules en Paul Kruger was — maar aan hulle werklike lewe maak dit geen verskil nie. Sulke mense gee voor dat hulle glo in God, sy mag, maar van krag voor God sien ons by hulle niks; hulle gee voor om te glo in 'n ewige gelukSaligheid of 'n ewige verderf — maar hulle doen en late wys niks van 'n dors of 'n verlange na hd. saligheid of 'n vrees vir d. verderf nie. — Aanvaar wrkd v.d. Doop mr. maak g'n verskil aan opvoeding kinders!
Soms kry ons dat dit juis onder hd. mense is wat roem op hulle kennis v.d. Bybel en wat dan ook hulle beroep op d. antw. i/d H.K. op vr. 21 dat hulle 'n gewisse kennis het v God en sy beloftes asof hulle Boekkennis ½ v.d. ware geloof is. Vergeet: verstand-kennis iets gans anders as saligm. kennis! Kan hele Bybel ken en nog verlore gaan! — en nog nie duiwel geloof besit! So 'n mens se lewe soos 'n klomp brandhout, pragtig opgestapel maar d. vonk v.d. H.G. nie daar om dit aan brand te steek nie! Alles leweloos, hard, koud — soos d. geloof v.d. Far's & Skrifgeleerdes! Saad wat langs d. pad val —

II Gevoelsgeloof (Tydgeloof): Waar groep I hulle geloof beperk net tot hulle verstand, daar bepaal groep II dit meer net by hulle gevoel. Die H.K. wys daarop dat geloof ook moet wees 'n vaste vertroue wat die H.G. in ons hart werk. En nou dink baie mense dat jou geloof daarin bestaan dat jou gevoel opgewek word, jou hart verwarm word, dat jy ontroer word en tot trane beweeg word en dan is alles reg!
Diep verskil tussen d. plek van ware gevoel i/d godsd. mr. wil daarop wys dat blote gevoelsopwinding, gevoel van geluk ens. vir die oomblik presies is soos d. saad wat op rotsagtige plekke geval het — dit is hy wat d. wd. hoor en dadelik met blydskap aanneem, maar hy het geen wortel in homself nie, hy is net vir 'n tyd, en as daar verdrukking en vervolging kom terwille v.d. wd., struikel hy dadelik.
Dis dié soort van mense geloof aangetref by wat in vervoering raak oor sekere soort predikant of sekere maniere van dienste hou, maar netnou weer verflou het. Hulle gaan in vervoering, maar nooit in gebrokenheid verslaenheid. En as hulle 'n teenslag kry, of siekte, of as hulle 'n grief meen te kry teen d. predikant of ouderling of kerk dan is al hulle applous verstom — dan is hulle d. eerste wie sê „Hallelujah" nou word: Kruisig Hom! Vb.: Saul — Judas Iskariot

III Praktiese Geloof (Daadgeloof): Die mense wat sê: Al julle verstandelike redenasies is tydmors, al julle gevoelsgodsd. is soos miswolke — gee my 'n prakt. godsdiens — 'n geloof nie v.d. koue hoof nie, ook nie v.d. warme hart nie, mr. 'n geloof v.d. werkende hand! — Jakobus is my man! „Wys my jou geloof uit jou werke" — nie wat jy glo maar wat jy doen wat tel
→ Antw: Die ware geloof is baie meer as dit. Dis d. geloof v.d. denkende hoof wat soek en vra na d. geheimenisse van Gods wd; d. geloof v.d. kloppende hart w/d. d. H.G. d. vaste vertroue in my werk; 'n geloof v.d. werksame hand wat deur ek my geloof in en deur my werke toon!

IV Wondergeloof:

IV. ~~Die~~ Ware Geloof: Dis: a) 'n gewisse Kennis waardeur ~~alles~~ ek nie waaragtig hou alles wat God ons in Sy Wd. geopenbaar het. Dis d. enige sekerheid wat ek het dat ~~alles~~ wat God in Sy Wd. sê waar is: dat alles waar is!

Sê nu: ek weet nie, daarom glo ek nie: ek glo — daarom weet ek! Daarom: dus v.d. Kennis

b) 'n Vaste vertroue wat niemand en niks van my kan wegneem, daar gewerk deur d. H.G.:

— nie net die gevoel — nie net in tyd

c) Die erkenning: nie net vir ander maar ook vir my vergewing v. sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk uit loutere genade

→ Watter hoë eis vir ons geloofsoms en -sekerheid wat ons staande moet hou temidde van en dwarsdeur alle storms, klein, so baie wat val?

① 'n Klein handjie voor 'n mens se oë kan d. groot lig v.d. son uithou: Klein sondes, boesemsondes, sorge v.d. lewe — baie ernstige stremming v.d. geloof!

② „Gemis aan gemeenskap v.d. heiliges": Gloeiende kool — alleen of op hoop: Sy Huis — bidure — feestye —

③ Gebrek aan ~~selfondersoek~~ getuienis: Gelowiges wat nie getuig en hulle Christenskap bely — hulle geloof kwyn! (Soos treurwilg vs „bome geplant by waterstrome")

Die taal v.d. ware geloof: (Rom. 8:38-39): „Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei v.d. liefde v. God wat daar is in Christus Jesus, ons Here, is nie." Amen